2015/10/13
08:16 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2015/10/13 | DATUM 2015/10/12 | | | + - WEEK GELEDE 2015/10/06 | | + - MAAND GELEDE 2015/09/15 | | + - JAAR GELEDE 2014/10/14 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Data** | **Δ** | **Δ%** | **Data** | **Δ%** | **Data** | **Δ%** | **Data** | **Δ%** | **Data** |
| DJIA-index | 17132 | 47.37 | 0.3% | 17084 | 2.0% | 16790 | 3.2% | 16600 | 5.0% | 16315 |
| Goud (Spot) | 1154.55 | -1.98 | -0.2% | 1156.53 | 0.6% | 1148.23 | 4.5% | 1104.95 | -5.8% | 1225.90 |
| Brent $/vat | 50.24 | -2.66 | -5.0% | 52.90 | -3.8% | 52.24 | 5.0% | 47.86 | -41.5% | 85.86 |
| 1 €: ? US$ | 1.1369 | -0.001 | -0.1% | 1.1383 | 1.0% | 1.1261 | 0.7% | 1.1290 | -10.1% | 1.2644 |
| 1 US$: ? ZAR | 13.37 | 0.064 | 0.5% | 13.30 | -0.8% | 13.48 | -0.7% | 13.46 | 20.7% | 11.07 |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 000.86 | -5 | -0.2% | R 2 005.75 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Corn Dec 12:00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 485.07 | -2 | -0.1% | R 2 486.69 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 4 368.51 | 12 | 0.3% | R 4 356.30 | * CBOT Soybean Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soybean Nov 12:00 the previous | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Dec 15 | 380.25 | -2.75 | -0.7% | 383.00 | -4.5% | 398.25 | -2.6% | 390.50 | -5.4% | 401.75 |
| Wheat Dec 15 | 506.00 | -2.75 | -0.5% | 508.75 | -3.8% | 526.25 | 2.3% | 494.75 | -10.0% | 562.00 |
| Soybeans Nov 15 | 889.50 | -1.75 | -0.2% | 891.25 | 0.2% | 888.00 | 0.1% | 889.00 | -9.4% | 981.25 |
| Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Dec 15 | 3040.00 | 0.00 | 0.0% | 3040.00 | 0.0% | 3040 | 0.0% | 3040 | 22.6% | 2480 |
| WMAZ Dec 15 | 3234.00 | -9.00 | -0.3% | 3243.00 | -1.6% | 3285 | 1.0% | 3203 | 64.7% | 1963 |
| WMAZ Jul 16 | 2877.00 | 5.00 | 0.2% | 2872.00 | -0.2% | 2883 | 5.8% | 2718 | 44.5% | 1991 |
| YMAZ Dec 15 | 2848.00 | -40.00 | -1.4% | 2888.00 | -3.1% | 2938 | -2.8% | 2931 | 43.4% | 1986 |
| YMAZ Jul 16 | 2668.00 | -25.00 | -0.9% | 2693.00 | -0.7% | 2686 | 3.2% | 2586 | 34.3% | 1987 |
| SOY Dec 15 | 5510.00 | 14.00 | 0.3% | 5496.00 | 0.0% | 5512 | 2.4% | 5380 | 6.2% | 5188 |
| SOY Mar 16 | 5470.00 | 49.00 | 0.9% | 5421.00 | 0.1% | 5463 | 5.2% | 5200 | 9.8% | 4980 |
| SUN Dec 15 | 6447.00 | 27.00 | 0.4% | 6420.00 | 1.4% | 6360 | 6.1% | 6076 | 36.9% | 4709 |
| SUN Mar 16 | 5740.00 | 0.00 | 0.0% | 5740.00 | 1.1% | 5680 | 6.1% | 5725 | 28.6% | 4464 |
| WHEAT Oct 15 | 4094.00 | 19.00 | 0.5% | 4075.00 | 0.7% | 4066 | 0.3% | 4106 | 13.8% | 3598 |
| WHEAT Dec 15 | 4169.00 | 24.00 | 0.6% | 4145.00 | 0.5% | 4149 | 2.3% | 4077 | 13.9% | 3660 |

**NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE**

**Eksterne markfaktore:** Vanoggend is die Rand 0.5% swakker teenoor die VSA dollar sedert die vlakke van gistermiddag. Die Rand verhandel tans teen R13.37 teenoor die Dollar en is ondersteunend vir plaaslike graanpryse. Weervoorspellings wys steeds tekens van moontlike reën in die oostelike en sentrale dele van Suid-Afrika tussen 13 en 20 Oktober 2015 (sien weer vooruitsigte: *http://www.wxmaps.org/pix/prec10.html*). Die noordelike halfronde betree somergewas strooptyd wat druk op plaaslike graan- en oliesade pryse, oor die korttermyn, kan plaas.

**Mielies:** ***Plaaslike en internasionale perspektief*** - tydens gister se verhandeling het plaaslike mieliepryse laer gesluit, met die uitsondering van die Julie 16 witmielie kontrak wat R5/ton hoër as die vorige dag se prys was en het op R2877/ton gesluit. Hierdie afwaartse druk op pryse is a.g.v. laer pariteitspryse.

Chicago mieliepryse was vanoggend laer, nadat VSA etanolpryse met 1.4% gedaal het. 'n Afname in etanolpryse verminder die marge van biobrandstof produseerders, wat in die VSA hoofsaaklik uit mielies vervaardig word en dus die vraag na mielies beïnvloed. Aan die "bullish" kant; die USDA het in hul Wêreld Vraag en Aanbod skattingsverslag (WASDE) aangedui dat die 2015/16 wêreld mielieproduksie 972.6 miljoen ton kan wees (0.6% laer as die vorige maand se skatting). 'n Afname in produksie is hoofsaaklik geskat vir die VSA en Argentinië. In dieselfde seisoen, is die eindvoorrade geskat teen 187.83 miljoen ton, wat 'n afname van 1% van die vorige maand se skatting is.

***Uitkyk*** - die pariteitspryse is vanoggend laer wat oor die kort termyn druk op plaaslike mieliepryse kan plaas. SAGIS se weeklikse in- en uitvoer data word vanmiddag vrygestel. Verlede week se totale mielie-invoere is aangemeld op 29 315 ton; met witmielies op 633 ton en geelmielies op 28 682 ton. Die 2015/16 totale mielie-invoere is tans 397 748 ton; witmielies op 8 925 ton en geelmielies op 388 823 ton. Die USDA se stroopvorderingsverslag word vanaand vrygestel wat die VSA se stroopvordering asook die gradering van die oes aandui.

**Koring:** ***Plaaslike en internasionale perspektief*** - plaaslike koringpryse het gister hoër gesluit, ten spyte van laer pariteitspryse. Die Wes-Kaap gaan voort om droë weerstoestande te ervaar, wat 'n negatiewe invloed op die koringoes het. Chicago koringpryse is vanoggend laer, weens voorspelde reën in die suidelike streke van die VSA, wat die winterkoring plantproses kan bevoordeel. Daar is verdere druk vanaf die USDA se WASDE verslag wat aangedui het dat die 2015/16 wêreld koringproduksie 732.79 miljoen ton kan bereik, wat 'n 0.2% maand-tot-maand verhoging is. Produksie toenames word vir Kanada, Australië en die EU geskat. In dieselfde seisoen is die wêreld eindvoorrade geskat op 228.49 miljoen ton, wat 'n 0.9% maand-tot-maand verhoging is.

***Uitkyk*** - die pariteitspryse is vanoggend laer wat oor die korttermyn druk op plaaslike koringpryse kan plaas. SAGIS se weeklikse in- en uitvoer data word vanmiddag vrygestel. Verlede week se 2015/16 koring invoere is aangemeld op 75 642 ton. Bykans 82.4% van dié invoere is vanaf Rusland, 15.2% vanaf Oekraïne en 2.4% vanaf Duitsland.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** *SAGIS Weekly Export and Import Data: 13/10/2015*
**Internasionale Markinsigte & Data:** *USDA's Crop Progress Report: 13/10/2015*

***Vir enige navrae,*** *kontak asb vir : Wandile Sihlobo, E-pos: wandile.sihlobo@grainsa.co.za*

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage occurred due to the usage of this information.*